



Resensies / Reviews

Volksgeneeskuns in Suid-Afrika

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, samest.
2010. **Volksgeneeskuns in Suid-Afrika.** Pretoria: Protea Boekhuis.
640 p. Prys: R295,00. ISBN: 978-1-86919-356-0.

Resensent: E. van der Walt
Skool vir Verpleegkunde
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Volksgeneeskuns in Suid-Afrika is nie slegs 'n versameling boere-rate nie, maar ook 'n kultuurhistoriese weergawe van die ontstaan van volksgeneeskuns. Die volksgeneeskuns word teenoor die skoolgeneeskuns (wetenskaplike basis van geneeskuns) gestel en tog word die verwantskap van albei uitgelig en word daarna verwys as 'n "siamese tweeling".

Dit is die oervraag na die rede vir siekte, lyding en dood wat lei tot geneeskuns wat in hierdie werk vanuit 'n kultuurgestaltelike perspektief beskou word. Kultuur as kennis, kuns, gedragswyses en ander verworwenhede wat ingevoer en oorgedra word, word ook vergestalt in die soeke na genesing en die bestryding van dood. Daar is 'n bespreking van die ontwikkeling van die emanistiese teenoor die animistiese beskouing van genesing, waar geeste gepaai moet word; die Christenskap met gebede vir God se seën op die behandeling tot slegs gebede met geen behandeling nie; en 'n natuurwetenskaplike bespreking. Hiermee saam is daar ook 'n uiteensetting van die ontwikkeling vanaf towenaar tot priester tot arts (skool-arts).

Vervolgens word die skeiding van die "siamese tweeling" in diepte bespreek. Die ontwikkeling van (wetenskaplike) skoolgeneeskuns vanaf Leonardo da Vinci in die vyftiende eeu tot Röntgen in die negentiende eeu word kortliks aangedui om die skeiding van die twee te belig. Wat gedurende spesifieke tye gegrond was op kennis word later as irrasioneel en vandag selfs as gevaarlik beskou. Hieronder

val braakmiddels en purgasie om van die “kwaad” ontslae te raak by appendisitis (blindedermontsteking), terwyl ons vandag oor die wetenskaplike kennis beskik om te weet hoe gevaarlik so ’n behandeling is. Selfs vandag nog word daar in landelike areas babas gevind wat aan septicemie (bloedvergiftiging) of tetanus (klem-in-die-kaak) sterf as gevolg van dieremis wat op die naelstring geplaas word!

Die rangskikking van boererate in alfabetiese volgorde volgens siektes maak die naslaan hiervan besonder toeganklik. Die siektes is alfabeties in Aanhangel A geplaas met numeriese verwysings na die boererate in Aanhangel B, wat van nommer 1 vir “aambeie” tot nommer 8705 vir “ylhoofdigheid” gekategoriseer is. Hierna volg Aanhangel C met die alfabetiese lys van middels wat ook numeries verwys na die boereraat in Aanhangel B. Die opvolgende ahangsels vir plante se volksname, kruieplante met botaniese name en ’n verwysingslys na die “eienaars” van die boererate rond die naslaangedeelte van die boek netjies af.

Die beskrywing van middels en plante wat in die volksmond ontstaan het en “verwonge” geraak het as gevolg van “kruisbestuiwing” met Engels en weer terug na Afrikaans (Hollands), werp nogal heelwat lig op name waaroor ons vandag dikwels verstom is.

By die lees van die farmakologiese beskouing van boererate, kom ’n mens onder die indruk dat boererate meer dikwels onhigiënies en selfs gevaarlik was en meestal op bygeloof gegrond was. Dit word duidelik dat die rate wat verband hou met ’n dierlike oorsprong, soos ’n varsgeslagte dier se vel op ’n brongitisbors, en uitskeidings soos bokke se pensmis op oop wonde, asook die magiese soos “vratte blaas na die volmaan”, redelik trefkrag verloor het, terwyl die bestanddele van kruieplante tog nog navorsbaar kan wees. In die farmakologie is alreeds heelwat navorsing gedoen oor die aktiewe bestanddele van kruieplante en die veld is nog nie uitgeput nie. Die volksgeneeskuns was hoofsaaklik gerig op simptomeverligting en het later met wetenskaplike ontwikkeling meer terapieë en omvattend geword tot waar ons tans, volgens die definisie van die Wêreldgesondheidsorganisasie, gesondheid beskou as ’n staat van volkome fisiese psigo-sosiale en geestelike welsyn en nie net die afwesigheid van siekte (simptome) nie.

Volksgeneeskuns in Suid-Afrika is ’n kosbare werk wat deur ’n wye spektrum lesers geniet kan word. Enigene wat enigsins in geneeskunde belangstel, hetsy ’n geneesheer, verpleegkundige of apteker gaan veral die kultuurhistoriese ontstaan en ontwikkeling geniet. Vir

alle lesers behoort hierdie werk interessante, hanteerbare leesstof te wees wat heel dikwels die lagspiere prikkel en jou soms laat uitbars van die lag of die kop meewarig laat skud, selfs al beskik jy nie oor enige mediese kennis nie. 'n Mens kom onder die indruk dat die mens altyd sal stry teen die onnatuurlike van siekte en dood. Indien jy in nood verkeer, sal jy enigiets aangryp om die lewe te behou. Dit is met deernis dat jy die aanhaling van professor Jan Lion-Cachet lees waar hy vertel van die dokter se vrou wat uit radeloosheid 'n druppel uit elke botteltjie van haar huisapteek meng en sê "... Als dit niet helpt, dan werd ze kwaad en zei: 'Hy kan maar dood gaan'".

Die deeglikheid van die navorsing vir *Volksgeneeskuns in Suid-Afrika* blyk uit die geordende aanbieding en verwysings. Die medewerkers het vanuit 'n warboel oorgelewerde inligting feitelike data weergegee wat in 'n kosbare kulturele en maatskaplike skat saamgevoeg is. 'n Mens wil saam met die skrywers pleit dat wetenskaplike navorsing oor die moontlike aanwending van kruieplante as geneesmiddels nie negeer moet word nie, veral in die lig van die siening dat die mediese wetenskap saam met tradisionele geneeskunde moet werk en nie uitsluitend of daarteenoor nie.